LYTTELTON-OOS

...WAAR GEWONE MENSE DISSIPELS VAN JESUS CHRISTUS WORD

Lyttelton-Oos Gemeente

NG Gemeente Lyttelton-Oos
Posbus 14575
Lyttelton

Telefoon: 012-664-4458
Faks: 012-664-4458

Lyttelton-Oos Gemeente

In die huis van God

Gemeentelike bedieningsgids

Die amp van die gelowige ...

- Die regte mense
- Op die regte plekke
- Vir die regte redes

2004/2

ONS DROOM ...

van 'n gemeente wat soos lote aan dieselfde wingerdstok met mekaar verenig is, waar ons werklik soos **familie** is vir mekaar is en waar elkeen 'n plek het en tuis voel; waar ons mekaar aanspoor tot liefde en goeie dade en mekaar bemoedig en ondersteun en vertroos; 'n gemeente waar ons genesing vir ons wonde kan vind, herstel vir stukkende gemoedere, salf vir die seer plekke aan ons siel; 'n gemeente waar ons mekaar op allerhande praktiese maniere help en waar niemand eensaam of hulpeloos hoef te voel nie.

van 'n gemeente wat deur sy vrug 'n gemeenskap kan voed met dade van liefde en omgee; wat so oorloop van liefde dat 'n vloedgolf van geloof, hoop en liefde oor ons gemeenskap spoel; wat die **gemeenskap** op allerlei maniere **dien** só dat mense iets van God se liefde ervaar en Hom die eer daarvoor gee; van 'n gemeente wat bekend staan as 'n plek waar heling gevind kan word en waar mense wat moeg is rus kan vind; 'n gemeente wat die goeie nuus van God se liefde vir mense in woord en daad verkondig.

van 'n gemeente wat, soos lote wat aan 'n wingerdstok ingeënt is, náby aan die Here leef en deur die Gees deurdrenk is; wat konstant met verwagting na die wil van die Meester vra met die opregte begeerte om dit te doen en waar **gebed** soos asemhaling is; 'n gemeente waar mense begelei word om die werklike teenwoordigheid van God te beleef en geleer word hoe om God se stem te hoor.

van 'n gemeente wat, soos die lote deur die wingerdstok gevoed word, gevoed word deur die Woord; waar mense die geleentheid het om al hoe meer gevorm te word na die beeld van Christus; 'n gemeente wat milde geleentheid tot **geloofsgroei** bied en waar voedsel vir die siel in in oorvloed beskikbaar is; 'n gemeente wat nie aan die wêreld gelykvormig word nie maar toelaat dat God hulle verander deur hulle denke te vernuwe; 'n gemeente wat met ywer en erns die Bybel as God se Woord bestudeer, só dat mense se lewens daardeur omvorm word.

van 'n gemeente waar ons elkeen besef dat ons 'n instrument in die hand van die Here is en dat Hy ons stuur om 'n stukkende wêreld heel te maak; waar ons dienooreenkomstig ons ywerig daarop toelê om ons roeping te ontdek deur ons gawes, styl en passie te identifiseer; waar ons elkeen met entoesiasme ons **roeping** uitvoer deur betrokke te raak by die werk van die Here in die wêreld sodat sy droom vir die wêreld 'n werklikheid kan word.

GEMEENTE ONDER KONSTRUKSIE

Lyttelton-Oos Gemeente

'n Geestelike gawe (*charisma*) is 'n spesiale vermoë wat die Gees uit genade gee aan elkeen van die ledemate van die liggaam van Christus, in ooreenstemming met God se beplanning en ontwerp, om die kerk op te bou en die koninkryk uit te bou.

Dit is belangrik om die volgende raak te sien:

Elke gelowige het ten minste één gawe ontvang.

'n Gawe is 'n spesiale vermoë, nie 'n "talent" nie. God gee ook talente. Hy gee dit aan *elke* mens op aarde. Gawes gee Hy egter net aan *gelowiges* wat deel is van die liggaam van Christus.

Ons gawe pas in by God se plan en die bedoeling is dat ons elkeen 'n *unieke* bydrae moet maak tot opbou van die kerk en tot uitbou van die koninkryk.

PASSIE

Hiermee saam gee Hy aan elkeen van ons 'n spesiale belangstelling of *passie.* Hierdie passie kan wees vir *mense* (kinders, bejaardes, tieners, siekes ens.) of vir 'n bepaalde *saak* (armoede, dissipelskap, geweld, onderwys), of vir 'n *rol* (leierskap, administrasie, berader, instrukteur). Ons *passie* is 'n aanduiding van die *terrein* of *area* waar die Here ons wil gebruik.

PERSOONLIKHEID/STYL

Die Here het elkeen van ons op 'n spesfieke manier aanmekaar gesit. Sommige mense is meer taakgerig as mensgerig Ander is weer meer georganiseerd terwyl baie meer ongeorganiseerd is. Die Here wil ook ons persoonlikheid gebruik in sy diens.

ONS DIENAARSPROFIEL

Hierdie drie komponente (ons gawe, ons passie, en ons persoonlikheid) vorm ons *dienaarsprofiel*. Elke gelowige se dienaarsprofiel is uniek en onvervangbaar. Hierdie profiel dui op die plek waar die Here ons wil gebruik, en is ook 'n aanduiding van die doel waarvoor Hy ons op aarde geplaas het.

Wanneer jy jou dienaarsprofiel ontdek het, sal jy beter in staat wees om te bepaal watter diensgeleentheid in die kerk en in die koninkryk vir *jou* bedoel is.

gekom om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe te gee as losprys vir baie mense" (Mk 10:45). Paulus bevestig dit wanneer hy in sy brief aan die gelowiges in Filippi die volgende sê: *Hy wat in die gestalte van God was, het sy bestaan op Godgelyke wyse nie beskou as iets waaraan Hy Hom moes vasklem nie, Hy het Homself verneder deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem en aan mense gelyk te word.* (Fil 2:6-7) **Jesus was 'n ware *diakonos* (Gr = dienskneg)**.

Jesus roep ons om óók diensknegte te wees. Op pad na Jerusalem waar Hy gekruisig sou word, sê Hy vir sy dissipels" *"Julle weet dat dit by die nasies so is dat hulle sogenaamde regeerders oor hulle baasspeel en dat hulle groot manne die mag oor hulle misbruik. by julle moet dit nie so wees nie. Elkeen wat in julle kring groot wil word, moet julle dienaar wees; elkeen onder julle wat die eerste wil wees, moet julle almal se dienaar wees.* (Markus 10:42-44)

ONS DIENAARSPROFIEL:

- *Gawes* (Wát doen ons ?)
- *Passie* (Wáár dien ons)
- *Styl* (Hóé dien ons?)

In die bovertrek, net voor sy gevangeneming en net nadat Hy sy disispels se voete gewas het, sê Jesus: *As Ek, wat julle Here en julle Leermeester is, dan julle voete gewas het, behoort julle ook mekaar se voete te was. het vir julle 'n voorbeeld gestel, en soos Ek vir julle gedoen het, moet julle ook doen. ít verseker Ek julle: 'n Slaaf is nie belangriker as sy eienaar nie, en 'n gesant ook nie belangriker as die een wat hom gestuur het nie. weet dit nou; gelukkig is julle as julle dit ook doen."* (Johannes 13:14-17)

En Paulus sê dit só: *Dieselfde gesindheid moet in julle wees wat daar ook in Christus Jesus was* (Fil 2:5)

Wat 'n voorreg is dit nie om geroep te word om dieselfde gestalte as dié van ons Meester in te neem nie!

GAWES

Maar daar iets meer: Jesus roep ons nie net nie, Hy rus ons ook toe deur sy Gees wat aan ons elkeen besondere gawes gee. Paulus verduidelik dit so: *elkeen afsonderlik word 'n werking van die Gees gegee tot voordeel van almal. ... al hierdie dinge is die werk van een en dieselfde Gees, wat aan elkeen afsonderlik 'n gawe uitdeel soos Hy wil.* (1 Kor 12:7, 11)

Lyttelton-Oos Gemeente

"You can dream, create, design and build the most wonderful place in the world, but it requires people to make the dream a reality."

Walt Disney

"Gemeente onder konstruksie. Jammer vir die ongerief". Eintlik moet ons 'n bordjie met hierdie woorde iewers aanbring. Want dit is die proses waarmee ons besig is. Ons het 'n droom (sien langsaan)—maar hierdie droom is nog nie 'n werklikheid nie. Dit is soos 'n gebou waarvan die planne opgetrek is maar nog in aanbou is. Soos met enige bouwerk is daar maar baie ongerief. Dinge verander en word weer verander. Mense word in die proses ongelukkig 'n bietjie verwar en rondgegooi. Hiervoor vra ons by voorbaat om verskoning.

Ons is dus tans aan die bou. Watter soort plek bou ons?

Bou ons 'n *POLISIESTASIE?* Die taak van die polisie is om die wet toe te pas. Polisie is noodsaaklik in enige samelewing. Polisiemanne en –vroue doen waardevolle werk. Maar is die kerk veronderstel om 'n polisiestasie te wees? Baie mense dink so. Hulle dink die taak van die kerk is om die morele polisie van die gemeenskap te wees. Instandhouding en struktuur is is vir hulle belangrik. Reëls en orde moet gehandhaaf word in die kerk.

Bou ons 'n *MUSEUM?* Museums is wonderlike plekke. Ons kan daar iets beleef van hoe die verlede was en hoe die mense geleef het. Museums herinner ons aan vervloë dae. Hulle bestaan ter wille van die bewaring van ou tradisies en gebruike. Is dit ook die taak van die kerk? Baie mense meen so. Vir hulle is dit belangrik dat daar so min as moontlik verandering moet wees. Die ou dinge—ou aanbiddingstyle, ou liedere en musiek, ou preekstyle, ou argitektuur, ou erediensordes—moet bewaar word.

Bou ons 'n *TEOLOGIESE SEMINARIUM?* Teologiese kennis is belangrik vir leraars. Daarom moet daar plekke wees wat ingerig is daarvoor om hierdie kennis ten beste oor te dra. Lesings, kursusse, seminare moet daar aangebied word. Moet die kerk so 'n plek wees? Ja, sê baie mense. Kennis is belangrik. Bybelstudies, kursusse, bybelskole, lesings en seminare is die vernaamste taak van die kerk.

Bou ons 'n *TEATER?* 'n Teater is 'n plek waar vertonings plaasvind om mense te vermaak. Dit is belangrik vir die teaterbestuur dat ál die sitplekke vol is. Die vertoning moet professioneel wees aangesien mense

daarheen getrék moet word. Is die kerk 'n teater? Baie mense benader die kerk so. En as die vertoning nie goed genoeg is nie dan gaan ons na 'n ander kerk waar die vertoning beter is.

Bou ons 'n *BEGRAFNISONDERNEMING?* 'n Begrafnisonderneming se kantore is gewoonlik stemmige plekke. Daar heers 'n ernstige atmosfeer. Die beligting is gedemp en die musiek ook. Begrafnisondernemers verstaan die kuns om elke dag 'n ernstige, stemmige gesig op te sit. Baie mense reken dis hoe kerkgeboue en die mense daarbinne moet wees. Ernstig, stil, stemmig.

Nee, ons bou nie één van hierdie geboue nie.

Ons bou 'n *WOONHUIS.* 'n Plek waar mense saam woon en saam kuier. 'n Plek waar mense mekaar ondersteun en help. 'n Plek waar mense mekaar inspireer en aanspoor. 'n Woonhuis is 'n tuiste. 'n Ware tuiste is helende plek; 'n energerende plek; 'n plek van rus. Dis wat ons graag wil bou!

Die Bybel sê die gelowiges in 'n gemeente vorm 'n geestelike huis waarin God woon (Ef 2). God se huis is nie meer 'n gebou soos in die Ou Testament nie. God se huis het mense as boustene—gelowiges in wie se harte Hy deur sy Gees woon. Die gemeenskap van gelowiges is die huis van God.

'n Huis het verskeie vertrekke:

- 'n Voorkamer (ingangsportaal) waar gaste verwelkom word.
- 'n Sitkamer waar mense sit en kuier en mekaar beter leer ken.
- 'n Eetkamer waar liggame gevoed word en so nuwe krag kry.
- 'n Studeerkamer waar denke vernuwe word.
- 'n Kombuis waar dit wat in die eetkamer bedien word, voorberei word.

En dan is daar ook die plek wat ons "buitenshuis" noem. Die plek waarheen sommige gesinslede elke dag vertrek om hulle dagtaak te verrig en waarvandaan hulle telkens terugkeer.

GEMEENTE ONDER KONSTRUKSIE

EN DIE BOUSTENE ...?

Ons het stene nodig om mure te bou. En dit is die mure wat 'n huis struktuur gee. Wat gebruik ons as boustene? Daar is twee soorte bou-stene: Wyke en Selgemeentes. Dit is binne wyke en selgemeentes dat die *drieledige verhouding* waarin elke gelowige staan in stand gehou en uitgebou word: ons verhouding met God, mekaar en ons naaste.

WYKE

Wyke is geografiese areas waarbinne lidmate woon. Vir elke wyk is daar 'n ouderling en 'n diaken asook 'n aantal dienswerkers. Die kerntaak van 'n ouderling is om as leier van die bedieningspan op te tree en die lede van die bedieningspan te bemoedig, te rig en te organiseer en hulle geestelike te versorg. Diakens help lidmate om by mekaar betrokke te raak en op 'n praktiese vlak vir mekaar om te gee. Diens werkers se taak is om gereeld kontak met die wykslede te maak en vir hulle om te gee. Dienswerkers samel ook dankoffers in.

SELGEMEENTES

'n Selgemeente is 'n groepering lidmate wat kies om op baie nouer vlak met mekaar kontak te hê as wat in 'n wyk normaalweg moontlik is. Selgemeentes kom weekliks bymekaar en is betrokke by mekaar se lewens op 'n daaglikse basis—sover moontlik.

HOE WIL DIE HERE JÓÚ GEBRUIK?

Aan die einde van ons lewens wil ons graag sê: "My lewe was die moeite werd." Ons sal dit kan sê ons weet dat ons die doel waarvoor God ons op aarde geplaas het, ontdek het, en ons lewens daarvolgens ingerig het.

> *As Ek, wat julle Here en julle Leermeester is, dan julle voete gewas het, behoort julle ook mekaar se voete te was. het vir julle 'n voorbeeld gestel, en soos Ek vir julle gedoen het, moet julle ook doen.*
>
> Joh 13:14

Om ons doel te kan ontdek moet ons egter eers die hart van 'n dienskneg ontwikkel. Ons ware lewensdoel het sonder twyfel te make met die een of ander manier van dienslewer.

JESUS SE HART

Jesus het die hart van 'n dienskneg gehad. *Die Seun van die mens het ook nie*

BUITENSHUISE BEDIENINGE

AKSIE ARBEIDERS VIR DIE OES
Hierdie organisie beywer hulleself om mense te motiveer, mobiliseer en toe te rus om die Goeie Nuus uit te dra. Ons gemeente is al etlike jare betrokke by die ondersteuning van Aksie Arbeiders vir die Oes, wat hierdie jaar hulle tiende verjaardag vier.

STRAATKINDERS
Vandag se straatkinders is more se misdadigers. Help dit voorkom deur betrokke te raak by die bediening van die evangelie op verskeie maniere aan straatkinders. Daar is 'n paar geleenthede:

- Straatkinders in Centurion
- Die rehabilitasie-sentrum op Salvokop
- Die koffiekroeg op die hoek van Beatrix en Schoemanstrate in Sunnyside

Laasgenoemde twee projekte word bedryf deur Aksie Arbeiders vir die Oes. Die leier van Aksie Arbeiders, Jan van Jaarsveld, is tans ook die voorsitter van die Tshwane Alliansie vir Straatkinders.

AFRIKA UITREIKE
Ons gemeente ondersteun gereelde uitreike na Lepelle (elke maand en 'n groot jaarlikse uitreik) asook 'n aantal sendelinge in Afrika:
Gavin Porter (Zambië)
Johan en Trudie Robbertse (Tanzanië—d.m.v. Aksie Arbeiders vir die Oes)
Help om hierdie sendelinge in die veld te hou en neem deel aan die uitreike.

CENTURION VOEDSEL-PROJEK
'n Groot voedsel-projek met die doel om oorskiet voedsel van groot kettingwinkels te bekom vir verspreiding onder minder-bevoorregtes word tans beplan. Talle dienslewerings-ge-leenthede sal hieruit voortspruit

GELOOFOFFER ADMINISTRASIE
Die jaarlikse opneem van die geloofoffer asook die bestuur daarvan verg groot administratiewe insette. Help ons hierdie
fondse tot maksimum voordeel van God se koninkryk aan te wend.

GEMEENTE ONDER KONSTRUKSIE

VOORKAMERBEDIENINGE

Die ***voorkamer*** is die plek waar gaste verwelkom word. Hier vorm die gaste hulle eerste indrukke van die mense wat in die huis woon. Daar is 'n gesegde wat lui: "You never get a second chance to make a first impression." Wat is die eerste indrukke wat mense van ons gemeente kry? Hoe word die liefde en genade van God gedemonstreer?

ONDER KONSTRUKSIE

GASVRYHEIDSBEDIENING
Om mense welkom en tuis te laat voel by eredienste. Gee mense 'n hartlike handdruk, deel die afkondigsblaadjie uit, help mense om 'n sitplek te kry in die kerkgebou. Beman 'n inligtingstafel.

NUWE INTREKKERBEDIENING
Om nuwe intrekkers te verwelkom in die gemeente en hulle te help om vinnig tuis te voel. Dit behels die reël van gereelde nuwe intrekker-ontbyte en spesiale besoeke.

ONDER KONSTRUKSIE

AANSTEEKLIKE CHRISTEN
Word 'n aansteeklike Christen is 'n kursus wat mense help om die evangelie op relevante maniere uit te dra in ons gemeenskap. Help met die aanbieding van hierdie kursus, logistieke reëlings en verversings. (Jy moet eers die kursus self deurloop)

ALPHA
Die *Alpha-kursus* is 'n inleiding in die belangrikste elemente in die Chrsitelike geloof en uitnemend geskik vir mense wat buite die geloof staan maar dit graag wil ondersoek asook vir gelowiges wat geestelike verryk wil word en 'n hertoewyding aan die Here wil maak. Help met die aanbieding, tree op as groepleiers/helpers, logistieke reëlings, etes en verversings.

ONDER KONSTRUKSIE

GEMEENSKAPSDIENS
Help om 'n verskil te maak in die gemeenskap deur betrokke te raak by ouerskapseminare, ondersteuningsgroepe, berading (insluitend e-pos berading) en andere prak-

GEMEENTE ONDER KONSTRUKSIE

Bedieningsgids

'n ***Woonkamer*** is 'n plek waar die gesinslede saam kuier. Hier word kopstukke gesels, probleme word uitgepraat en opgelos, en planne word beraam om mekaar te help op allerlei praktiese maniere. Die gesin leer mekaar hier ken, liefhê en dien.

ONDER KONSTRUKSIE

BARMHARTIGHEIDSBEDIENING

Help die diakonie om mense in nood te identifiseer en te bedien op praktiese maniere. Hulp aan mense wat 'n geliefde verloor het (bemoediging en bystand, antwoord van telefoon, maaltye vir gesin en familie, verversings met begrafnis.)

ONDER KONSTRUKSIE

GESONDHEIDSBEDIENING

Besoeke aan siekes tuis en in die hospitaal. Basiese gesondheidsorg (bloeddruk, inspuitings, maserings ens.). Hulp met berading indien nodig. Hulp aan die res van die gesin (bv. maaltye).

WOONKAMERBEDIENINGE

KINDERBEDIENING (Voorskools tot Graad 6)

Tree op as kleingroepleier of graadgroepleier. Hulp met logistieke reëlings en administrasie.

TIENERBEDIENING

Tree op as kleingroepleier of graadgroepleier. Hulp met jeugkampe, drama– en mimiekgroep, jeugorkes (instrumentalis, sang, klank). Word 'n jeugkraadadviseur.

ONDER KONSTRUKSIE

JONG VOLWASSENES

Sluit aan by 'n jeugsel en reël aktiwiteite en geleenthede wat gerig is op die behoeftes van die jong volwassenes in ons gemeenskap.

ONDER KONSTRUKSIE

AKSIE EEN

Help om geleenthede te reël wat gerig is op die be-

ONDER KONSTRUKSIE

GEMEENTE ONDER KONSTRUKSIE

Lyttelton-Oos Gemeente

Die voltydse en deeltydse amptenare en personeel van die gemeente moet na omgesien word wat betref dienskontrakte en ander arbeidsregtelike kwessies wat daarmee gepaard gaan. Sake soos pensioen en medies moet ook onder die loep kom. Help om hierdie belangrike aspek van die gemeente se werksaamhede vlot te laat verloop.

REKENAARBEDIENING

ONDER KONSTRUKSIE

Help om die rekenaars en verwante toerusting van die gemeente in stand te hou en op te gradeer. Dit sluit die hardeware sowel as die sagteware in.

GOEIE RENTMEESTERSKAP

ONDER KONSTRUKSIE

Help lidmate om hulle finansies beter te hanteer en volgens Bybelverantwoordelike riglyne te bestuur.

GEMEENTE ONDER KONSTRUKSIE

'n ***Kombuis*** is bykans onontbeerlik vir enige huis. Dit wat uiteindelik voorgesit word is die resultaat van harde werk agter die skerms—oftewel in die kombuis. Elke gemeente het ook noodsaaklike kom-buiswerk nodig om effektief te kan funksioneer.

KOMBUISBEDIENINGE

FINANSIES

Sluit aan by Fiskom (Fondsinsamelingstrategiekomitee) en help om addisionele fondse vir die gemeente te genereer. Help ook om dankoffers na eredienste te tel en die geld te bank. Hulp word ook benodig by die opstel en bestuur van die begroting.

ADMINISTRASIE

Die instandhouding van die gemeentelike databasis verg konstante aandag en gereelde belwerk. Help die administratiewe personeel met hierdie taak.

KOMMUNIKASIE

Die deurgee van inligting na gemeentelede op 'n betroubare en gereelde basis is noodsaaklik. Help hiermee deur betrokke te raak by die Herout-redaksie, die ontwikkeling en instandhouding van die Web-bladsy, die vulling en verspreiding van koeverte, en die bemanning van 'n inligtingstafel na die eerste oggenddiens.

FEESTE EN FUNKSIES

Help met die bediening van tee en verversings na die eerste oggenddiens asook hulp met ander funksies en feeste in die gemeente, soos 'n gemeente-ete, gemeente-feeste, ens.

EIENDOM

Hulp word benodig met die instandhouding van die geboue van die gemeente asook van die tuin rondom die kerkgebou en gemeentesentrum. Dit sal ook help as daar 'n gereelde skoonmaakspan op die been gebring kan word.

DIENSVERHOUDINGE

hoeftes van die enkellopendes in ons gemeenskap.

AKSIE TWEE

Jonggetroudes se behoeftes is uniek. Help met die reël van huweliksseminare en huweliksverrykingskampe en ander toepaslike geleenthede.

SENIOR LIDMATE

Help om senior lidmate gereeld te besoek en behoeftes en nood te identifiseer. Help om die gereelde oggendtee's te reël en aan te bied asook moontlike ander uitstappies en geleenthede.

ONDER KONSTRUKSIE

GESINSBEDIENING

Help om spesifieke behoeftes van gesinne te identifiseer en programme te reël om dit aan te spreek.

ONDER KONSTRUKSIE

AKSIE TWEE+ (Ouers met kleuters)

Wanneer die woelige kleingoed opdaag het jong ouers dikwels hulle hande vol. Help dink aan manier om dit vir hulle 'n bietjie makliker te maak.

ONDER KONSTRUKSIE

VROUEBEDIENING

'n Tradisionele vrouediens is skynbaar uitgedien. Tog het vroue bepaalde behoeftes. Help om dit te identifiseer en aan te spreek en bedieninge te ontwikkel vir alle vroue in ons gemeenskap.

ONDER KONSTRUKSIE

MANNEBEDIENING

As gemeente kan ons ook die mans in ons gemeenskap met hulle unieke behoeftes dien. Help dink aan maniere.

WOONKAMERBEDIENINGE

GEMEENTE ONDER KONSTRUKSIE

Die ***eetkamer*** is die plek waar ons voedsel inneem wat ons weer met nuwe lewenskrag en energie toerus. Vir die gelowige is geestelike voeldsel uiters belangrik. As ons siele nie gevoed word nie, teer ons geestelik uit en neem die lewe met sy probleme ons gevange.

EETKAMERBEDIENINGE

GEBEDSBEDIENING

ONDER KONSTRUKSIE

Help om 'n goed-georganiseerde gebedsbediening op die been te bring. Die gemeente-huis moet bekend staan as 'n "huis van gebed". Voorbidding vir mekaar, vir ander, vir ons land en regering, en vir die uitbreiding van God se koninkryk moet spontaan, maar ook georganiseerd plaasvind.

EREDIENSTE

Help met die aanbied van die twee huidige eredienste, deur betrokke te raak by die voorsang, projeksie, blomme en ander logistieke aspekte. Help die diakonie met die bediening van die nagmaal en die opneem van die offergawes. 'n Kassetbediening (opneem van preke, duplisering en verspreiding) moet op die been gebring word.

KERKLIKE JAAR

Help met die talle logistieke reëlings sodat Kersfees, Paasfees en Pinkster sinvol gevier kan word. Hulp met versierings, blomme, kerse, baniere, e.a. aspekte word benodig.

RETRAITS

ONDER KONSTRUKSIE

Help om wegbreekgeleenthede te reël waar gelowiges kan stilword en nader aan God kan beweeg .

GEBED VAN DIE HART

Help met die reël van werkswinkels waartydens gelowiges geleer word hoe om hierdie besondere sielsverrykende vorm van gebed te bemeester

OGGENDE VAN STILTE

ONDER KONSTRUKSIE

Hulp met die logistieke reëlings en aanbieding van sulke oggende word benodig.

'n ***Studeerkamer*** is 'n werkplek. Hier word inligtingsmateriaal (boeke, tydskrifte ens.) en hulpmiddele (rekenaars, rakke, kabinette) geplaas ten einde die inwoners van de huis te help kennis in te samel en hulle lewens te verryk. In 'n gemeente is dit noodsaaklik om geleenthede te skep sodat lidmate toegerus kan word en kan toelaat dat God hulle verander deur hulle denke te vernuwe. (Rom 12:2)

STUDEERKAMERBEDIENINGE

VIDEO-KURSUSSE

ONDER KONSTRUKSIE

Talle van Walk thru the Bible se video-kursusse is beskikbaar vir aanbieding, bv. Jabes gebed, "Secrets of the Vine", "The Vision of a Leader", ens. Help met die aanbieding en logistieke reëlings.

DISSIPEL-PROGRAM

Word deel van 'n groep wat die dissipel-program deurwerk en oorweeg dan om die opleiding vir fassiliteerders te deurloop en self 'n groep te lei.

ONTDEK JOU PLEK SEMINARE

Met 'n magdom bedieninge waarby lidmate kan inskakel is dit dikwels moeilik om te bepaal waar om jou gewig in te gooi. Die "Ontdek Jou Plek" seminare help 'n mens om meer duidelikheid oor jou plek in God se plan te ontdek. Help om hierdie seminare te reël. Konsultante, wat mense op 'n een-tot-een basis kan begelei, word ook benodig.

HERDERLEIEROPLEIDING

Help met die aanbieding van gereelde opleidingseminare vir herderleiers van selgemeentes.

BEDIENINGSPANOPLEIDING

Help met die aanbieding van opleidingseminare vir wyksbedieningspanne (ouderlinge, diakens en dienswerkers).

GEMEENTE ONDER KONSTRUKSIE